# ‘N LEERGEMEENSKAP

Ons is opgewonde oor ons splinternuwe Kollegio Leergemeenskap wat in die tweede kwartaal volledig op Tygerplein afskop. Dit is die waar-word van ‘n droom wat al lank in ons harte leef om ons nuwe geboue sinvol te kan benut op hierdie wyse.

## Daar is drie bane tot kursusgangers se beskikking

**01. WOORD -** Leer meer oor die Bybel.
**02. WESE-** Leer meer oor spiritualiteit en jou verhouding met die Here en jouself.
**03. LEWE-** Leer meer oor aspekte van ons elke-dag-lewens.

## Daar is verskillende tipes kursusse beskikbaar

- Sommige kursusse loop oor ‘n paar weke
- Ander geleenthede vind oor een of twee aande plaas
- Sommige kursusse het ‘n koste aan verbonde, terwyl ander weer gratis is

## Sertifikate

Vir sommige kursusse ontvang deelnemers ‘n sertifikaat op grond van getroue bywoning. Die sertifikaat sal deur die aanbieder aan die einde van die kursus aan elke kwalifiserende kursusganger uitgedeel word. Maak dus asseblief seker dat jy elke week getrou die bywoningsregister teken.

## Betalings en inskrywings

Wees asseblief so gaaf om vir alle kursusse of geleenthede in te skryf (selfs al is hulle gratis). Skryf in deur ‘n epos te stuur aan Riana de Wet by ngtyger@ngtyger.com.

Indien daar ‘n fooi is, betaal dit asseblief betyds in die gemeente se rekening:

ABSA : 163 058 0060
Verwysing: Voorletters en Van - Kollegio

## Openingsaand - 3 April 2024

Die eerste aand kom alle voornemende kursusgangers en belangstellendes op Tygerplein om 18:00 bymekaar. Nadat ons saam koffie gedrink en iets geëet het gaan aanbieders van die kwartaal se kursusse 'n oorsigtelike inleiding oor elke baan van die leergemeenskap gee.

Ons vier ook in dankbaarheid die ingebruikneming van Tygerplein en deel die visie rondom Kollegio. Dit is 'n goeie aand om ook meer te kom uitvind oor toekomstige kursusse en ander kursusgangers te ontmoet.

## Pinkster 2024

Hemelvaart vind hierdie jaar op 9 Mei plaas. Ons vier Hemelvaart met 'n erediens in die amfiteater om 18:30. Na Hemelvaart is dit 10 dae tot en met Sondag, 19 Mei wanneer ons Pinksterfees hou. Hierdie jaar se spesiale Pinksterreeks word deur Prof Chris de Wet op Maandag, 13 Mei (18:30) en Dinsdag, 14 Mei (18:30) in die kerkgebou aangebied.

Kollegio gaan in die toekoms ook "oop aande" en "openbare gesprekke / lesings" aanbied. Tydens die Pinksterweek en in die lig van die komende verkiesing word daar op Woensdag, 15 Mei (18:30) 'n spesiale gesprek deur Kollegio in die kerkgebou aangebied.

Tydens hierdie gesprek sal Dr Zander van der Westhuizen en Prof Chris de Wet in gesprek tree met Barnard Beukman (Redakteur van Beeld) en Dr Theuns Eloff (Voormalige rektor van Noordwes-Universiteit) oor die politieke situasie in die land en Christene se rol in die komende verkiesing.

# PROGRAM VIR DIE TWEEDE KWARTAAL

| Datum | Woord | Wese | Lewe |
|---|---|---|---|
| 3 April | Openingsaand | | |
| 10 April | Evangelies 1 | Enneagram 1 | Huwelikskursus 1 |
| 17 April | Evangelies 2 | Geen | Huwelikskursus 2 |
| 24 April | Evangelies 3 | Enneagram 2 | Huwelikskursus 3 |
| 1 Mei | Werkersdag | Enneagram 3 (Moontlik) | Werkersdag |
| 8 Mei | Evangelies 4 | Enneagram 4 | Huwelikskursus 4 |
| 15 Mei | Pinkster - Spesiale gesprek oor verkiesing | | |
| 22 Mei | Evangelies 5 | Geen | Geen |
| 29 Mei | Stemdag | | |
| 5 Junie | Evangelies 6 | Enneagram 5 | Israel - gesprek 1 |
| 12 Junie | Evangelies 7 | Enneagram 6 | Israel - gesprek 2 |

# 01. WOORD - EVANGELIES

**In die Woord-baan van Kollegio leer ons jou oor die belangrikste aspekte van die Bybel.**



**Prof Chris de Wet**



**Dr Karin Steyn**

AANBIEDERS : Prof Chris de Wet & Dr Karin Steyn
DUUR VAN DIE KURSUS : 7 weke
KOSTE : R150 per persoon per kwartaal (Pensionarisse ontvang 50% afslag)

Prof Chris de Wet is professor in Nuwe Testament en Vroeg-Christelike Studie by UNISA. Hy is ook ‘n navorsingsgenoot by die Australian Lutheran College, University of Divinity, in Adelaide, Australië en ‘n genoot van die Australiese Akademie vir Geesteswetenskappe. Deeltyds is hy ook ‘n dosent in antieke Grieks en Latyn. Chris is outeur of mede-outeur van sewe boeke, skrywer van talle akademiese artikels en doen internasionaal aanbiedings oor sy navorsing.

Dr Karin Steyn is predikant van die NG Gemeente Tygerpoort en het onlangs haar PhD in Nuwe Testament voltooi. Haar fokus tans is identiteitvorming veral binne die Johannese groep.

## Kwartaal 1

In kwartaal 1 doen ons ‘n basiese inleiding tot die Bybel self. Ons kyk na die aard van die Bybel en hoe die Bybel ontstaan het. Ons voorsien jou ook van kernvaardighede en metodes wat jy kan gebruik om die Bybel beter te lees en te bestudeer. Daar word dan ook na die proses van Bybelvertaling gekyk en gevra waarom sekere vertalings van mekaar verskil, en of ons Bybelvertalings, oor die algemeen, kan vertrou.

## Kwartaal 2

In kwartaal 2 skerp ons ons fokus op spesifieke boeke van die Bybel, in hierdie geval, die Evangelies en Handelinge. Hierdie opwindende kwartaal begin ons met vraag: wie was Jesus, en wie was hy nie, en waarom was hy so radikaal? Ons kyk dan na die verhouding tussen die vier Evangelies, sowel as die onderliggende boodskap. Uiteindelik word elke Evangelie en Handelinge op sy eie in detail bestudeer. Hier gee ons vir jou kennis oor die struktuur, uitleg, kulturele en historiese agtergrond, boodskap en doel van elke boek. Jy word dan ook van vaardighede voorsien wat jou in staat sal stel om elkeen van hierdie boeke met meer diepte te kan lees en verstaan.

## Kwartaal 3

Kwartaal 3 reis ons na die wêreld en mense van die Ou Testament. Ons kyk in diepte na die storie van Ou Israel in die Bybel en ook in die bybelse argeologie. Dit volg met ‘n in-diepte studie oor die oudste boeke in ons Bybel, naamlik die Wet of die Pentateug – Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri en Deuterononium. Elkeen van hierdie boeke word afsonderlik bespreek. Ons gee dan ook baie aandag oor konsepte van reinheid en onreinheid in die Bybel en bybelse wêreld, wat dien as ‘n sleutel om die Ou én Nuwe Testament te ontsluit.

### Kwartaal 4

> Laastens, in kwartaal 4, gaan ons op 'n avontuurreis deur die eskatologie – die bybelse leer oor die eindtye. Hier kyk ons na wat die Ou Testament sê oor die eindtye. Dit word gevolg met 'n intensiewe studie oor die boek Openbaring. Ons bespreek dus die struktuur, uitleg, kulturele en historiese agtergrond, boodskap en doel van Openbaring.

Ten slotte, wanneer jy die Woord-baan van Kollegio voltooi sal jou kennis oor die Bybel en die bybelse wêreld, mense en agtergrond op 'n besondere vlak wees. Jy sal aan die einde beskik oor die kennis van die Bybel as geheel en ook afsonderlike boeke, sowel as die vaardighede om die Bybel beter te verstaan en verantwoordelik te kan interpreteer.

## 02. WESE - ENNEAGRAM



### Ds Maartje van der Westhuizen

> **AANBIEDER :** Ds Maartje van der Westhuizen
> **DUUR VAN DIE KURSUS :** 6 weke
> **KOSTE :** R1000 per persoon

Ds Maartje van der Westhuizen is predikant by die NG Gemeente Elarduspark en die assessor van beide die Oostelike Sinode en die Algemene Sinode van die NG Kerk. Sy is 'n formeel opgeleide en professionele aanbieder van die Enneagram (binne die Narratiewe tradisie).

Die Enneagram is 'n hulpmiddel wat ons toerus om onsself en ander beter te verstaan. Elke mens het 'n ander manier van kyk na die werklikheid, asook verskillende idees, motiverings en uitkyke op die lewe. As ons dit kan begin raaksien, kan ons leer om onsself en ander te waardeer en voluit te lewe. Ons kan ook beter verstaan waarom daar uitdagings in ons verhoudings is wat ons uitdaag of irriteer.

Ons kan nie die mense om ons verander nie, maar ons kan wel as persoon groei en so ook leer om verskillende situasies beter te hanteer. Baie verhoudingsprobleme is juis as gevolg van 'n tekort aan selfkennis.

## Basiese uiteensetting van die kursus

Die Narratiewe Tradisie bevorder ‘n oop verkenning van elke persoonlikheidstipe deur die interaktiewe metode van paneelonderhoude te gebruik. Wanneer die mense in die groep begin deel, word al die tipes van die Enneagram lewendig.

## In hierdie kursus sal jy genooi word om:

- Jou Enneagram-tipe te ontdek en uit te vind wat die wyse is waarop jy in die wêreld opdaag en wat jou motiveer.
- Dieper te delf in elk van die nege verskillende tipes en jou motivering, fokus van aandag, emosionele gewoontes, sterkpunte en verhoudingsuitdagings te ontdek.
- Ervarings te deel en by mekaar te leer.

## Die Nege Enneagram Tipes is:

| | | |
|---|---|---|
| Tipe 1 – Die Perfeksionis | Tipe 4 –Die Romantikus | Tipe 7 - Die Genotsoeker |
| Tipe 2 - Die Helper | Tipe 5 - Die Observeerder | Tipe 8 - Die Beskermer |
| Tipe 3 - Die Presteerder | Tipe 6 - Die Lojalis | Tipe 9 - Die Vredemaker |

# 03. LEWE - HUWELIKSKURSUS



**Dr Zander van der Westhuizen**

**AANBIEDER :** Dr Zander van der Westhuizen
**DUUR VAN KURSUS :** 4 weke
**KOSTE :** Gratis

Dr Zander van der Westhuizen is ‘n predikant van die NG Gemeente Tygerpoort. Hy het sy PhD aan die Universiteit van Pretoria in huweliks-en gesinspastoraat voltooi. Hy bied al verskeie jare die huwelikskursus aan en fokus veral op die narratiewe benadering tot begeleiding van paartjies om te floreer in hul verhoudings.

Hierdie kursus is ‘n moet vir voornemende huwelikspare sowel as getroude pare. Die kursus is gebasseer op die Alpha Huwelikskursus en word oor 4 weke aangebied. Paartjies sit by hul eie tafel en bring ‘n piekniekmandjie saam. ‘n Gesprek word gefasiliteer en paartjies deel slegs in gesprek met mekaar en nie in die groter groep nie. Daar is praktiese oefeninge wat gesprek stimuleer en paartjies ‘n geleentheid gun om vir ‘n slag weer alleen-tyd met mekaar te spandeer.

## Gesprekstemas sluit in:

- Fondasie van ‘n verhouding
- Kommunikasie
- Konflik
- Gesinskulture
- Vergifnis
- Familiebande
- Die Bybel en die huwelik

## Bring asseblief saam:

- Iets te ete en te drinke (sommer al die eerste aand). Jy is welkom om ‘n piekniekmandjie te pak. Pizza en wyn of sushi en koeldrank. Enige iets wat jy geniet!
- ’n Skryf-ding

# 04. LEWE - ISRAEL GESPREK



**Prof Chris de Wet**



**Dr Zander van der Westhuizen**

**GESPREKSLEIERS :** Prof Chris de Wet & Dr Zander van der Westhuizen
**DUUR VAN KURSUS :** 2 weke
**KOSTE :** Gratis

Dr Zander van der Westhuizen bied saam met Prof Chris de Wet 'n maandelikse radioprogram op GrootFM aan: Die Bybel Gister & Vandag. Een van die gesprekke tydens hierdie program wat baie luisteraars geïnteresseer het was 'n gesprek oor die geskiedenis van Israel. Die geskiedenis rondom die hele area van die hedendaagse Israel, midde-ooste en Palestina help 'n mens om die hedendaagse konflik beter te verstaan.

In die midde van 'n heersende oorlog is dit ook sinvol vir gelowiges om te kan onderskei tussen die Bybelse geskiedenis en die moderne situasie van die Israel en Palestina verhouding.

In twee oop sessie voer Dr Zander met Prof Chris gesprek oor hierdie geskiedenis. Prof Chris het ook onlangs in Jerusalem klas gegee en het baie kennis van die omgewing.